



## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 2 AUGUSTUS 2020

### **NEGENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD**

#### **LEESROOSTERTEKSE VIR DIE WEEK:**

**GENESIS 37:1-4, 12-28**

**PSALM 105:1-6, 16-22, 45**

**ROMEINE 10:5-15**

**MATTEUS 14:22-33**

#### **GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK**

##### **ROADHOUSE BASAAR**

**Ons doen ook voorbidding vir lidmate wat as gevolg van COVID-19 finansiëel en emosioneel baie swaar kry.**

#### **VAN ALLES EN NOG WAT**

1. In lyn met die regering se besluit is alle eredienste en byeenkomste opgeskort tot verdere kennisgewing.
2. Video's van al die preke sedert inperking, is op die webwerf [www.ngkeike.co.za](http://www.ngkeike.co.za) beskikbaar. Gaan lees dit gerus of kyk daarna.
3. Ons benodig enige grootte glasflessie of potjie om produkte in te lê. Dit kan Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgegee word.
4. Indien jy enige wol het wat jy kan skenk vir die brei van mussies, truitjies, serpies, ens, kan jy dit op Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgee.
5. Die Jan Krielskool het 'n groot behoefte aan ou skool klere (wit langmou hemde, grys rompies, grys langbroeke, navy trui). Indien daar oud-leerders is wat die skool kan help, kan julle die klere by die hoofhek van die skool by die Sekuriteitswag aflaai.

#### **BYBELS**

Tydens Pinkster is die bedrag van R15 545 ontvang. Ons sê weereens baie dankie aan almal wat bygedra het. Soos in die verlede is donasies gemaak aan Die Bybelgenootskap van Suid Afrika en die Gideons. Ons het ook weer Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop om in die gemeenskap te verspei. As jy weet van 'n huishulp, tuinier, karwag, petroljoggie, ens wat graag 'n Bybels sal wil ontvang, kom haal gerus een by die kerkkantoor. Maksimum 2 Bybels per lidmaat.

## **LERAARS – PASTORALE BESOEKE**

Beskikbaarheid van die dominees: ons leraars was die hele Grendeltyd telefonies beskikbaar, maar gaan nou ook op afspraak (weereens met al die nodige protokol in plek) beskikbaar wees by 'n gesteriliseerde vertrek in die kerkkompleks. Skakel maar jou dominee as jy hom wil sien, hy sal met die kantoor 'n tyd reël en dan kan julle mekaar daar ontmoet. Ja, ons weet dis effe onpersoonlik, maar dis die beste wat ons nou kan doen!

Kontak die leraars by die volgende nommers:

- Ds Hannes Burger – 021 903 1798
- Ds Chris Barnardo – 021 982 7076
- Ds Johan Morkel – 083 398 8345

## **KERKKANTOOR**

Die kerkkantoor is oop vir lidmate om te besoek. Die kantoorure is Maandag tot Vrydag 8:00 tot 12:00. Die nodige protokolle sal gevolg word (maskers, handreiniging, ens.) en slegs 2 besoekers sal per geleentheid in die kantoor toegelaat word.

## **GEMEENTENUUS**

1. Ria Koekemoer (Othello) is oorlede.
2. Danie Steytler (Kaapzicht) se ma, Zelda Steytler, is die afgelope week oorlede.
3. Betrha de Kock (Othello) gaan volgende week hospitaal toe vir 'n operasie.
4. Sydney de Kock (Huis De Kuilen) is oorlede.
5. Gerrie Bester (Gladiolistraat) se operasie het baie goed afgeloop. Sy ondergaan tans rehabilitasie.
6. Johan Kriel (Klein Zevenwacht) se pa is oorlede. Die privaat troosdiens vind Dinsdag 4 Augustus by De Eike plaas.

## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 02/08 O'Den van der Westhuizen, Judy Steyn, Hennie Barnard, Miemie Loubser, Carlien Coetzee, Anien Heydenrych
- 03/08 Conrad Wentzel, **Mariana van Schalkwyk**, Hein Smit, Carol Kotze, Annette de Villiers, Ronél Marais
- 04/08 Lu-Adri Groenewald, Chrisma Terblanche, Sylvia Lötter
- 05/08 Elzeth Loots, Elmarie Steyn, Leandré Hough, Dawie Maas
- 06/08 Mark Lewis, Annalien Volschenk
- 07/08 Maatjé van der Westhuizen, Francois Maritz, Eloma Lloyd, Vanessa Neuhoff, Raatjie Beetge, Hyla Harmse
- 08/08 Janré Nieuwoudt, Annica Strydom, Johan van der Merwe

## AKSIE SAMARITAAN EN SOPKOMBUIS

Aksie Samaritaan en die Sopkombuis benodig die volgende:

- Weggooibare bakkies met deksels (verkieslik 500ml Joghurt) om sop in te bedien.
- Hulle benodig bakkers en strooiers om op 'n Vrydagoggend vanaf 07:30 tot 12:00 te help pannekoekbak en suiker strooi. Die pannekoek word in Moedergemeente se saal gebak. Kontak vir Jacomina Swart by 082 453 3862.
- Aksie Samaritaan benodig dringend mense wat kan help maskers maak, die materiaal word verskaf.
- **Sopbeurte** vir 06 Augustus 2020:
  - Hester Hill, Luci Mulder, Carina De Mon, Whileen Galvin, Christine Myburgh, Theresa Swart, Marina Rogotta

**AKSIE SAMARITAAN**  
**PANNEKOEK PROJEK**

Danksy ons pannekoek deeg is minder van Kuilsrivier se honger magies leeg!

**Slegs R5**  
**Vrydae 08h00 - 12h00**  
**NGK Kuilsrivier syaal**  
**in Van Riebeeck weg**

**Indien u vooraf wil bestel, plaas u bestelling by 073 655 3816 op Donderdae voor 17h00.**

Opbrengs ten bate van Aksie Samaritaan se werk onder die haweloses van Kuilsrivier.



# DE EIKE ROADHOUSE BASAAR

Augustus 2020 is hier wat beteken De Eike se Roadhouse basaar is om die draai.

Bestellings vir die lekker kos wat beskikbaar is, moet teen eerskomende Dinsdag 4 Augustus 2020 by die kerkkantoor wees tesame met die betaling. Indien jy nog nie bestel het nie, moenie langer wag nie, anders is jy dalk te laat. Gaan kyk op die webwerf vir die bestelvorm of besoek die kerkkantoor. Ons is elke dag oop van 8:00 tot 12:00.

Ons sal later in detail verduidelik wat die prosedures gaan wees die oggend van die 22ste wanneer jy jou bestelling kom afhaal.

Lidmate wat 'n kontantbydrae vir die basaar wil gee, kan dit steeds doen per EFT, Snapscan of by die kantoor.

Bestanddele wat ons benodig – sien lys – moet asb teen Vrydag 14 Augustus by die kantoor afgegee word. Indien jy nie deur die dag by die kantoor kan uitkom nie, bel ons, dan tref ons 'n ander reëling.

Ons herinner lidmate daaraan dat die dienswerkers vanweë die inperkingsmaatreëls nie by jou aan huis gaan kom vra vir 'n bydrae nie.

## **Bestanddele benodig:**

Koekmeel	Bruismeel	Bakpoeier
Suiker	Kaneel	Eiers – ekstra groot
Kookolie	Spray & Cook	Margarien vir smeer
Jellie	Vla	Blikkies ingelege vrugte
Langlewe melk	<i>Ideal</i> Melk	Kondensmelk
Kakao	Maalvleis	Mayonnaise
Papier handdoekrolle		

# VIRTUELE VEILING

## MOBIELE KOMBUISEILAND

Hierdie pragstuk is van Dolfhout (Namibiese Kiaat, wat algemeen in Suid-Angola voorkom) gemaak, en is maklik hanteerbaar om jou kombuisoppervlakte te vergroot. Dit loop op 4 wiele, waarvan 2 sluitbaar is. Dis ewe handig in die braaikamer, werkskamer of naaldwerkkamer as in die kombuis.

Die afmetings is soos volg:

Hoogte: 90.5 cm (950mm)

Breedte: 64 cm (640mm)

Lengte: 86.5 cm. (865mm)



Soos jy op die foto kan sien, is dit 'n pragtig afgewerkte spogstuk. Jy kry ook 'n granietsteen wat as snyplank of potstaander gebruik kan word.

Hierdie eiland gaan nou per virtuele veiling verkoop word (lidmate gaan van tyd tot tyd op hoogte gehou word van hoe die bod vorder) – jy kan jou bod aan Mariana stuur by [ngkeike@cybersmart.co.za](mailto:ngkeike@cybersmart.co.za) of in 'n geseëde koevert by die kantoor afgee.

Die sperdatum vir aanbiedinge is Vrydag 21 Augustus 2020. Dink net hoe lekker gaan hy in jou kombuis werk!

Ns. Indien die reserwe prys nie gehaal word nie, sal dit teruggehou word.

## DE EIKE SE “DROP & GO” – PROJEK

Dinsdagoggend 4 Augustus 2020, kan jy weer tussen 10:00 en 11:00 jou bydrae tot De Eike se koskas in 'n sakkie op De Eike se parkeerterrein kom aflaai. Piet Rootman en Tim sal daar wees om die voorraad in ontvangs te neem. Lidmate is ook welkom om enige finansiële bydraes te bring, kwitansie sal uitgereik word. Gebruik die motorhek aan die torings se kant. Hierdie reëling bly van toepassing tot verdere kennisgewing.

Maak gebruik van hierdie geleentheid om broers en susters in nood te help. Ons sal die voorraad in die voorraadkamer gaan pak waarna kospakkies opgemaak en volgens behoefte afgelewer sal word.

As jy bewus word van 'n lidmaat in nood moet jy asb. onmiddellik jou wyksleermeester of blokmeester hieroor inlig. Ons kan nie toelaat dat enigiemand in hierdie tyd van inperking honger ly nie.

Bydraes kan deur die loop van die week ook by die kerkkantoor afgegee word.

Die volgende items word benodig:

- Konfyt of stroop
- Blikkiesgoed wat goed werk saam met pasta
- All Bran flakes
- Wheat Bix
- Meel
- Sopbestanddele
- Sout en peper
- Kruie – om die kos so bietjie geur te gee.
- Wit en bruin asyn
- Margarien
- Toiletware
  - Shampoo
  - Deodorant
  - Wet wipes
  - Sneesdoekies
- Skoonmaakmiddels
  - Waspoeier
  - Wasgoedseep

Bestanddele waar ons voorraad laag is:

- Koffie (250g)
- Tee (Gewone en Rooibos)
- Blikkies
  - Ertjies
  - Gemengde groente
- Geurmiddels soos vleisekstrak
- Blatjang
- Mayonnaise
- Tamatiesous
- Kitspoedings en jellies
- Pakkies lekkers of ander 'snacks'
- Skottelgoedseep en ander reinigers
- Wassponsies en afdroogdoeke

## **PREEKSSETS – 2 AUGUSTUS 2020**

### **TEMA: WAARMEE IS JY TANS BESIG OM MEE TE STOEI IN JOU LEWE?**

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Genesis 32:23-32

#### **AGTERGROND**

Kom ek vertel julle van die ware Jakob. 'n Stoeigeveg wat deurnag by die Jabbokrivier tussen Jakob en God plaasgevind het. 'n Stoeigeveg wat Jakob se lewe verander het.

Want jy sien Jakob het 'n geskiedenis gehad. Van die begin af was Jakob in 'n stryd gewikkel met sy tweelingbroer Esau. In hierdie geval sou die wedywing 'n tragiese einde hê. Ja, Jakob se lewe was geken aan bedrog en integriteitloosheid.

#### **MAAR DINGE KAN BAIE VINNIG IN MENSE SE LEWENS VERANDER**

Maar, dinge kan vinnig en drasties verander. Iets het daardie nag met Jakob in die wildernis gebeur. Hierdie stoeigeveg is die ware Jakob waarin God vir Jakob in 'n nuwe lewe instoei! Na 'n deurnag stoeigeveg met God, stap Jakob daar weg as 'n totaal nuwe mens. Jakob het van aangesig tot aangesig met God gekom. En wanneer jy van aangesig tot aangesig met die Here kom verander alles in jou lewe. In die worsteling, is Jakob op die heupsenuwee geslaan. Die gevolg is dat hy mank loop. Hy ontvang daardie nag iets wat hom heelyd aan sy afhanklikheid en gebrokenheid sal laat herinner. Sy omstandighede verander nie,....hyself verander.

#### **“SO WHAT?” WAT BETEKEN DIT VIR ONS? WAT LEER ONS HIERUIT? WAT SÊ DIE HERE VIR ONS VANDAG?**

##### **As God jou gryp los Hy nie.**

God los nie.- Hy gryp en worstel met ons. By die dieptepunt, die nulpunt van ons onsekerheid, daar ontmoet Hy ons - al is ons wie. Jy kan nog miskien met die Esau's, Isakke en Labans van die lewe woer-woer speel, maar God is jou meerdere wat met jou wil stoei tot jy jou beste jy is! Vir mense wat dit moeilik het, met die lewe stoei en sukkel om vir God in alles raak te sien, kom dit hierop neer: “Get a bulldog grip on your faith.”

Dalk is jy teen hierdie tyd moeg gestoei teen die omstandighede waarin jy jouself bevind. Dalk lei jy ook nou aan grendel-voosheid. In Jesus naam hou net vas, staan sterk, en moenie nou opgee nie. “Vra en vir julle sal gegee word; soek en julle sal kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word. Matteus 7:7 Dit is Jakob se getuienis by die Jabbokrivier. Maak dit ook jou getuienis.